

JEUGLES - Drie-Eenheid

1. PRAISE EN WORSHIP

2. YSBREKER 1: Tic tac toe (x en o)


- Gee vir elke groep 'n x en o bord
- Elke groep verdeel in 2 en kyk watter groep die eerste wen
- Die een groep is die x en die ander groep die o
- Die groep wat die eerste 3 x of o (watter een hulle is) in 'n ry kan kry, wen die game.
- Die idee is ook dat jy moet probeer om die ander groep te blok sodat hulle NIE 3 in 'n ry kan kry nie
- Die rye kan van bo na onder, van kant tot kant of skuins loop, maak nie saak nie, solank jy 3 in 'n ry het.

3. PROCESS DIE YSBREKER:


- Hierdie kwartaal se tema is Ani-brand-fees, en soos julle weet is ons nuwe liedjie vir die kwartaal "Start a fire" – baie gepas so ek sê.
- Dis egter moeilik om aan die brand te kom vir iets of iemand as jy nie mooi weet wie of wat hulle is nie
- Ons gaan vir die volgende 4 weke bietjie daarby stilstaan, ons gaan kyk wie God is, wie Jesus is en wie die Heilige Gees is.
- Voordat ons by hulle apart kom, moet ons eers by die begin begin – die Drie-Eenheid
- Die speletjie wat julle nou gespeel het, het julle 3 van die x of die o in 'n ry nodig gehad om te wen. Elkeen was apart, en kon jy apart gebruik of rondskuif, maar jy het hulle SAAM nodig gehad om te wen – so hulle is apart, maar ook saam.
- En dis vanaand die eerste 'clue' oor die Drie-Eenheid – Hulle is 3 apart, maar een saam!
- Lekker confusing nê? Kom ons doen gou die volgende aktiwiteit dan kyk ons of julle beter verstaan of nog meer confuse is!

4. YSBREKER 2: Dink buite die boks

- Gee vir elke groep x3 blaaië met die volgende tekening op



- Instruksie: connect al die kolletjies deur slegs 4 reguit lyne te trek wat van punt tot punt by mekaar uitkom sonder om 4 los lyne te wees.
- Ek vertrou die leiers met die volgende inligting en dat julle die kinders NIE gaan help nie! Hulle is veronderstel om SELF by die antwoord uit te kom (of nie) – verkieslik nie!



- DIS die antwoord, ek het nooit gesê dat dit in die vorm van 'n boks of 'n vierkant moet wees nie!
- En dis hoe ons dink – ons dink binne ons 'boksies' wanneer ons aan God dink, want dis al wat ons brein kan hanteer.
- Ons is en was nooit veronderstel om God “uit te figure” nie, dan kan Hy nie meer God wees nie

5. ILLUSTRASIE: DIE DRIE-EENHEID:

- Die Bybel gebruik nooit êrens die woord Drie-Eenheid nie, maar uit dit wat ons lees is dit duidelik dat daar 3 'dele' van God is, maar dat hulle saam een maak.
- Ek gaan gou vir julle een van 'n klomp eenvoudige maniere wys hoe ons dit kan probeer verduidelik
- Ek het drie helpers nodig vir hierdie illustrasie.
- Eerste persoon sal meel vashou, volgende sout en laaste een water.
- Wys na koppie met meel in. Kom ons sê hierdie koppie meel stel God die Vader voor. Wit laat ons dink aan reinheid. Ons weet dat God rein is. (kind gooi meel in bak).
- Volgende is die sout. Kom ons imagine dat hierdie sout vir Jesus voorstel. In Matteus 5:13 sê Jesus vir ons dat ons die sout van die aarde is, met ander woorde ons moet geur bring in hierdie wêreld deur ander van God te vertel. Ons weet dat Jesus beslis die ultimate voorbeeld is van hoe om sout te wees. Hy is die oorspronklike sout. (kind gooi sout in bak).
- Laaste is die water. Kom ons dink nou aan die water as die Heilige Gees. Water word baiekeer in die Bybel gebruik om gees voor te stel. (kind gooi water in bak).
- Meng als goed saam. Is die sout nog in die bak? Is die meel nog in die bak? En die water?
- Ja, al drie die bestanddele is steeds in die bak, maar ons het nou een ding gemaak van dit. Kan julle vir my sê wat? Ons het deeg gemaak. Dis nou een ding, maar tog is al drie die bestanddele steeds daar.
- So in kort, is dit 'n basiese manier om aan die Drie Eenheid te dink. Drie in een. Definitief drie en ook definitief een.
- Wat ons weet van die Drie-Eenheid wanneer ons ons Bybels lees is die volgende:
 - Daar is net EEN God
 - God is Drie Persone in Een: Vader, Seun, Heilige Gees
 - Elkeen van hierdie 3 persone is volledig God

6. VRAE IN DIE GROEPE:

- Elke groep kry 'n blaai waarop staan:
 - Daar is net EEN God
 - Die Drie-Eenheid bestaan uit drie Persone
 - Elke Persoon is God
- Elke groep kry die volgende klomp teksverse waardeur hulle moet werk. Soos julle dit lees moet julle besluit by watter van die drie stellings op die blaai – hierbo – sal julle die teksvers sit, wat die stelling waar sal bewys. Onthou ons is nie veronderstel om God 'uit te figure' nie, miskien net 'n halwe idee (ek dink nie ons sal ooit meer as dit kry nie) van Wie God is kry sodat ons in AWE kan staan oor Hom!
- Die volgende teksverse kom uit die 1983 Vertaling:

Deut 6:4 Luister, Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here.

Matt 3:16-17 Jesus is toe gedoop en het dadelik daarna uit die water gekom. Meteens het die hemel bokant Hom oopgegaan, en Hy het die Gees van God soos 'n duif sien neerdaal en op Hom gekom. 17. Daar was ook 'n stem uit die hemel wat gesê het: "Dit is my geliefde Seun. Oor Hom verheug Ek My".

1 Kor 8:4 Wat nou betref die eet van vleis wat aan 'n afgod geoffer is: ons weet dat daar geen afgod in hele wêreld is wat iets beteken nie, en dat daar ook geen God is nie, behalwe Een.

Matt 28:19 Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees.

Fil 1:2 Genade en vrede vir julle van God ons Vader en die Here Jesus Christus

Titus 2:13 b Op daardie dag sal die heerlijkheid van ons grote God en Verlosser, Jesus Christus, verskyn.

1 Kor 3:16 Weet julle nie dat julle die tempel van God is en dat die Gees van God in julle woon nie?

7. HEILIGE GEES ILLUSTRASIES:

- Elke groep gaan een van die volgende illustrasies kry en moet probeer verduidelik hoe dit ons help om die Drie-Eenheid beter te verstaan, maar ook waarom dit nie 'n volledige akkurate illustrasie van die Heilige Gees is nie
- Leiers gaan hulle antwoorde in die "Hulp vir Leiers" kry, al die illustrasie is nie daar nie, maar dit sal jou help om dit beter te verstaan – gaan werk asb daardeur dit is baie goed uiteengesit en sal jou baie help met jou les, sodat jy die kinders beter kan help.
 - Eier
 - Appel
 - Tri-pod
 - Hoed, serp, bril
 - Water, koeldrank, glas

- Foto's van: Les as Oupa, Pa en Man
- Foto's van: Annatjie as Ouma, Ma en Vrou
- Stoom, water, ys

8. SLUIT AF MET GEBED IN JULLE GROEPE EN DEEL SELFONE UIT